Korreksie of Beermark

Deur Louis Kruger
15 Augustus 2007

Na my mening was Mei 1969 die laaste volslae beermark wat die kapitalistiese wêreld ervaar het. Wat ons daarna gesien het was korreksies, somtyds hewig, maar gewoonlik van relatief korte duur. Die beermark van 1969 was die direkte gevolg van 'n siekte in die kapitalistiese stelsel naamlik **spekulasie.** Kan wat ons tans ervaar, maar weer 'n korreksie wees of is dit die eerste simptome van nog 'n kapitalistiese siekte naamlik **skuld,** wat in sy akute vorm, tot 'n volslae beermark kan lei. Net die tyd en verdere inligting sal leer.

Met die feite wat ons tans tot ons beskikking het, wil dit al meer voorkom of ons 'n redelike skerp korreksie, soortgelyk aan die van April 1998 en Mei 2002 kan verwag.

Soos van die aangehegte grafiek van die J 203 afgelei kan word, is dalings van onderskeidelik 28.1% en 33.4% in die periodes 15 April 1998 tot 25 Augustus 1998 en 22 Mei 2002 tot 17 April 2003 ervaar. Opmerklik is dat nie een van die korreksies genadiglik langer as 'n jaar geduur het nie. Verder is die verskynsel van golwe met 'n duurte van nagenoeg 4 jaar tussen toppe, wat al sedert so ver terug as 1987 gesien is, ook hier aangeteken.

Dit wil al meer en meer voorkom of die top in die huidige siklus op 13 Julie 2007 aangeteken is, vyf jaar na die top van die vorige siklus.

Verskeie faktore dui daarop dat ons weereens 'n korreksie soortgelyk aan die bogemelde met 'n omvang in daling van ongeveer 30% en 'n duurte van 4 tot 10 maande kan sien.

Dit sal die J203 terugbring tot 20973 en 'n PE van 10.96. (Sien ook aangehegte grafiek met vergunning van Charl Bester).

'n Ontleding van die drie belangrikste siektes wat al in die kapitalistiese stelsel gediagnoseer is nl.**spekulasie, skuld en inflasie** lê onderliggend aan die identifisering van die huidige afwaartse reaksie as 'n korreksie of 'n volskaalse beermark. Vir die eersgenoemde bestaan daar geen medikasie nie – die pasiënt moet maar eenvoudig self herstel na meer gesonde vlakke. Die toepassing van 'n effektiewe monetêre beleid het in die laaste twee dekades wel deeglik daarin geslaag om die **skuld en inflasie** - siektes te bekamp.

Huidige redelike prysvlakke asook gesonde groei in winste dui daarop dat daar nie juis buitensporige spekulasie in die belangrikste wêreldmarkte aanwesig is nie. Hopelik sal tydige optrede deur die monetêre owerhede weer lei tot 'n genadiglik kort alhoewel hewige reaksie.